SHELLEY POINT NUUS

'n Gemeenskapsnuusbrief wat daarop gemik is om samehorigheid, openheid en die verspreiding van inligting by Shelley Point te bevorder.

Vertaal deur Kobus Mentz

Winter 2022

VAN DIE REDAKTEUR:

Goeiedag almal,

Baie mense kla oor die koms van die winter en die koue, nat weer wat dit vergesel. Op Shelley Point hou ons egter van die verandering in seisoen. Eerstens is dit nou rustiger en kalmer in vergelyking met die haastige pas tydens die feesseisoen en die Paastyd. Tweedens lui dit die begin van die blommeseisoen in en selfs ná 'n verblyf van tien jaar gee die koms van die blomme steeds vir my groot vreugde. Om die blomme te sien wat van horison tot horison strek is baie spesiaal en iets wat ek nooit as vanselfsprekend sal aanvaar nie. Derdens is daar hierdie tyd van die jaar nie 'n groot risiko vir veldbrande nie. En as 'n lid van die Shelley Point brandbestrydingspan is ek altyd bewus van die gevaar van brande in ons landgoed. Maar alhoewel die risiko tans kleiner is bestaan dit steeds en hierdie nuusbrief kyk deeglik na die saak en veral na die risiko wat die onwettige storting van vullis op leë erwe en sypaadjies inhou.

'n Ander belangrike saak waaroor 'n opdatering gegee word is die Gemeenskapsentrum en ander voortgaande projekte. Jy kan ook lees oor die inisiatiewe om spoedvermindering in Shelley Point aan te moedig, 'n groter bewustheid van waterbesparing, die verwydering van indringerplante en bome en nog baie meer. Indien daar enige ander sake is wat na jou mening belangrik is vir eienaars en inwoners van Shelley Point, stuur asb 'n e-pos vir my na shelleypointnews@gmail.com. As jy 'n nuwe inwoner is en graag vorige uitgawes van ons nuusbrief wil lees, besoek gerus die SPHEV webblad.

Terry

Afrikaanse vertaler van die nuusbrief:

Dit is vir my aangenaam om aan te kondig dat Professor Kobus Mentz ingewillig het om die Afrikaanse vertaling van ons nuusbrief oor te neem by Neels Kornelius wat ongelukkig vroeg in Maart uit Shelley Point verhuis het. Prof Mentz is voltyds in diens van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom, maar hy en sy vrou Elsa het onlangs 'n erf in Shelley Point gekoop en bouwerk aan hulle nuwe huis begin binnekort. My hartlike dank aan Prof Mentz.

VAN DIE VOORSITTER: (Carlos Gomes):

Ons is nou reeds in die tweede helfte van die finansiële jaar wat strek van 1 Oktober 2021 tot 30 September 2022. Dit vir my aangenaam om namens die Trusteekomitee (TK) en Landgoedkomitee te rapporteer dat die finansiële situasie van beide die SPHEV en die S&SK baie positief is.

Die SPHEV se kontantreserwes het sedert die begin van die finansiële jaar met R1 057 463 toegeneem, wat hoofsaaklik die gevolg was van die insameling van 10% meer heffings en onderspandering van 4% op die uitgawes. Die S&SK se reserwes het met R375 998 toegeneem danksy 'n 22% groter inkomste as beplan verdien deur die sportklubs en ook deur uitgawes wat goed bestuur is. Dis vir die TK aangenaam om te rapporteer dat die nuwe landgoedbestuurder, Aldo Fourie, reeds tuis is in die pos en dat hy reeds sekere nuwe inisiatiewe geloods het.

As gevolg van die rekordgetal bouprojekte in SP, het die TK beslut om 'n Boukontroleur (BK) op kontrakbasis aan te stel. Ná 'n werwingsproses is mnr Michael Bossenger aangestel en hy het op 1 Junie diens aanvaar. Ons verwelkom Michael graag en wens hom sterkte toe met die onbenydenswaardige taak om seker te maak dat die talle boukontrakteurs in SP voldoen aan die regulasies.

Die TK kondig ook graag aan dat mev Deirdre de Lange ná 'n werwingsproses op 'n permanente basis vanaf 1 Junie aangestel is as Administrateur. Sy het voorheen tydelik waargeneem. Neem asb kennis dat die Administrasiekantoor oop is vanaf Maandag tot Vrydag vanaf 8:00 tot 12:00 en 12:30 tot 14:00.

Die Landgoedbestuurder sal binnekort begin met die proses om die 3-jaar begroting saam te stel wat later vanjaar aan die lede van die Algemene Jaarvergadering voorgelê sal word. In 'n poging om insette van lede te kry sal 'n forum in Julie gehou word. Verdere kommunikasie in hierdie verband volg binnekort.

GEMEENSKAPSENTRUM NUUS (Aldo Fourie):

Groot vordering is agter die skerms gemaak wat uiteindelik daartoe gelei het dat bouwerk aan die sentrum 'n aanvang kan neem. Daar is egter nog probleme wat uitgestryk moet word met betrekking tot die hersonering en konsolidering van die vier erwe waarop die sentrum gebou sal word. Ons was onder die indruk dat die planne ingedien kon word sodra die munisipaliteit die konsolidasie en gebruiksvoorwaardes goegekeur het. Ons is egter deur de SBM se afdeling vir dorpsbeplanning ingelig dat alle formaliteite afgehandel moet wees voordat die planne ingedien kan word. In samewerking met 'n elektriese kontrakteur is vasgestel dat huidige kragvoorsiening nie voldoende is vir die projek nie. 'n Aansoek om die verskaffing van meer krag is by Eskom ingedien.

Ons lig lede graag in oor die fases van beplanning en goedkeuring wat vereis word voordat konstruksie kan begin:

- Dorpsbeplanning aansoek vir die gebruik van die grond – In proses
- Landmetergeneraal Diagram goedkeuring – In proses
- Registrasie van akte – In proses
- Ontwerp van brandbeplanning - Afgehandel
- Ingenieursontwerp - Afgehandel
- Bepaling van energie-effektiwiteit - Afgehandel
- Voorlegging van bouplanne aan Raad – Wag vir Landmetergeneraal
- Ontvang verslag van bourekenaar - Afgehandel
- Uitnodiging om te tender - Afgehandel
- Evaluering van aansoeke – In proses

'n Uitnodiging vir voorleggings is aan kontrakteurs gestuur en die sluitingsdatum is 2 Junie. Voorleggings sal geëvalueer word en die konstruksiefase sal dan beplan kan word. Hierdie projek is vir ons prioriteit en daar wag iets besonders vir die Shelley Point gemeenskap.

SEKURITEITSVERSLAG: (Henry Edmunds):

- Dit was goed om te sien hoedat ons lede en ander besoekers die aangename weer oor die Paastyd en ander langnaweke geniet het. Daar was min insidente in hierdie tyd. Ongelukkig bly oortreding van die spoedreëls 'n probleem en dit sal ons voortgaande aandag geniet.
- 'n Bron van kommer is die groot aantal lede wat die talle versoeke ignoreer om hulle QD alarms te vervang. Neem asb kennis dat die QD alarms nie meer funksioneel is nie. Om te bevestig watter stelsel tans in jou huis geïnstalleer is, skakel asb ons sekuriteitsbestuurder Daniel Plaatjies by 022-742 1380 of e-pos hom na : daniel.plaatjies@excellerate.co.za
- Onthou asb dat alle huishulpe by Sekuriteit geregistreer moet word. Registrasie is gratis en kan gedurende kantoorure by die sekuriteitskantoor (ou hek) gedoen word.
- Lede wat hulle eiendomme op kort termyn verhuur moet asb hulle verhuringsagente in kenns stel dat toegang tot besoekers wat honde in Shelley Point wil inbring, geweier sal word .
- Lede word in kennis gestel dat ons huidige sekuriteitsverskaffer aan 'n beoordeling onderwerp sal word deurdat 'n tender binne die volgende paar maande sal uitgaan. Dit is standaardprosedure ten einde te versekerdat ons sekuriteitsdienste met die beste in die mark vergelyk. Ons weet almal dat versuim om te verbeter tot agteruitgang kan lei.

LANDGOEDSAKE (Aldo Fourie):

Bou-aktiwiteite: Die post-pandemiese "semigrasie" verskynsel is op ons drumpel te oordeel aan die groot aantal ontwikkelinge in die Weskusdistrik. Shelley Point is deel hiervan te oordeel aan die rekordgetal nuwe huise wat tans gebou word. Die pragtige natuur tesame met die uitstekende sekuriteit en geriewe maak van Shelley Point 'n voorkeurplek van vestiging vir diegene wat graag uit die betonoerwoud wil ontsnap. Interessante boustatistieke vir Shelley Point:

- Sewe en sewentig (77) nuwe huise is tans in aanbou op die Landgoed.
- Sedert die begin van die jaar is twee en sewentig (72) nuwe bouplanne by die SPHEV ingedien.
- Okkupasiesertifikate is sedert die begin van die jaar uitgereik vir negentien (19) nuwe eiendomme

Ons is daarvan oortuig dat ons nuwe Boukontroleur 'n groot bydrae sal lewer in die effektiewe bestuur van die talle konstruksieterreine.

Verkeerskalmering maatreëls.

Soos die aantal voertuie wat in Shelley Point ry toeneem, word dit al hoe belangriker dat die verkeersreëls van die Landgoed gerespekteer word. Alhoewel daar talle bordjies langs die pad is wat die maksimum spoed as 40 kpu aandui , word die spoedbeperking dikwels oorskry. Ons neem die toedrag van sake ernstig op en is daaraan toegewy om Shelley Point 'n veiliger plek vir almal te maak. Daarom sal die volgende maatreëls in die volgende paar weke ingestel word om gehoorsaamheid aan die spoedbeperking te probeer verseker:

1. **Spoedwalle:** Sommige Lede sou al opgemerk het dat twee nuwe spoedwalle in die Landgoed gebou is. Hulle is in 1ste en 5de Laan en nuwe areas sal voortdurend geïdentifiseer word waar nodig.

2. **Spoedmonitering kameras:** Ons wag gretig op die aankoms van twee spoedmonitering kameras vanaf die vervaardigingsaanleg. Daar was ongelukkig 'n wêreldwye vertraging in die vervaardiging van gesofistikeerde elektroniese komponente, maar ons kameras behoort binne die volgende paar weke in gebruik gestel te word. Ons is seker die kameras sal bydra tot beter gehoorsaamheid aan ons verkeersreëls.

   Die kameras wat ons installeer sal sonkrag gebruik en sal ook draagbaar wees. Aankomende motors se spoed sal op duidelik sigbare digitale borde vertoon word. 'n Videokamera sal voertuie en bestuurders identifiseer wat die spoedbeperking oorskry .

OMGEWINGSKOMITEE: (Prof Chris de Beer):

- Die lidmaatskap van die Omgewingskomitee (OK) is nou gefinaliseer en ‘n Komitee van Trustees (KT) het die verwysingsraamwerk en portefeuljes verfyn. Die komitee bedank HEV lede wat hulleself beskikbaar gestel het as portefeuljeleiers van die komitee vir hulle tyd en kundigheid. (Mev Veronica Vermaak het intussen uit die komitee bedank as gevolg van ander verpligtinge en ons bedank haar vir bydrae om die lidaatskap van die komitee te finaliseer.)
- Die Komitee van Trustees het Pieter Viljoen genader om erwe te assesseer voordat toestemming vir ontwikkeling gegee word (Pieter sal ook ‘n *ex officio* lid van die OK wees.) Die vooraf assessering van erwe is noodsaaklik om spesies van belang vir die omgewing wat op die erwe voorkom te “red” voordat ontwikkeling begin.
- ‘n Konsep Ontwikkelingsplan is voorberei en word tans deur die Komitee van Trustees oorweeg. Die plan sal onder alle HEV lede versprei word vir kommentaar voordat dit deur die volgende Algemene Jaarvergadering goedgekeur sal word. Nadat die Plan goedgekeur is en ná die afhandeling van ‘n volledige situasie-analise sal ‘n implementeringsplan voorberei word met die volgende as fokusareas:
    - Wildlewebestuur
    - Beheer van indringerplante
    - Red van skaars plante en herstel van habitat
    - Monitering van eksterne faktore
    - Gemeenskapsbewustheid, deelname en openbare skakeling.
- Die voorgestelde maatreëls vir die bestuur van omgewingsrisiko’s sal deur die HEV, KT en OK aanvaar moet word en as raamwerk moet dien vir die bestuur van die ekostelsel en die bevordering van biodiversiteit en bewaring. Die huidige KT is sterk ten gunste van die bestuur van omgewingsrisiko’s. Hulle onlangse goedkeuring van die brandvoorkomingsplan van die Groter Cedarburg Brandbestrydingsvereniging, wat die uitroei van indringerplante voorstaan, getuig van die erns waarmee die KT die saak benader.
- Meer inligting oor die aktiwiteite van die fokusareas hierbo sal mettertyd deurgegee word..
- Die feit dat daar tans meer as sewentig aktiewe konstruksie-areas in die Landgoed is maak dit soveel belangriker dat daar dissipline is in die nakoming van die Landgoedregulasies en konstruksie ooreenkomste. Slegs daardeur sal ons ‘n negatiewe impak op die omgewing kan voorkom. ‘n Belangrike aspek is die Gemeenskaplike Areas wat aan die HEV behoort en waaroor die HEV jurisdiksie sal behou. Dit word aan die KT voorgestel dat ‘n meesterplan ontwikkel moet word vir hierdie areas wat die HEV se statutêre verpligting in terme van kussone-beskerming in ag neem. Terselfdertyd moet die Landgoed ‘n unieke en esteties kontemporêre beeld uitstraal.

SPORT EN SOSIALE AANGELEENTHEDE:

Gholf (John Huxted): Aan die einde van die somer kan ons terugkyk op ‘n besige en suksesvolle seisoen waarin meer as veertig kompetisies gespeel is. Die winterseisoen sal net so besig wees met die *Memorial Shield* wat reeds afgehandel is op 30 Mei en die Klub putjiespel wat op 10 Junie plaasvind. Die Klubkampioenskap is teruggeskuif na die pre-Covid datum van 15-16 Julie. Danksy Charles en sy span lyk die baan redelik goed, maar daar sal binnekort verbeteringe aangebring moet word. Daar was egter heelwat vordering – verlede jaar hierdie tyd het ons van matte af afgeslaan!

Die klub het danksy die Klubmeester ‘n elektroniese besprekingstelsel geïmplementeer. Daar is tans ‘n paar “tandekry” probleme maar die Landgoedbestuurder en Klubmeester gee aandag daaraan en die probleme sal hopelik uitgestryk wees teen die tyd dat hierdie nuusbrief verskyn. Die besprekingstelsel sal inhou dat

lede en besoekers ‘n afslaantyd kan bespreek deur die webblad of die App. Ons hoop dat meer spelers deur hierdie stelsel gemotiveer sal word om op ons uitdagende baan te kom speel.

In April het ons die hartseer nuus verneem dat ons baanopsigter, Charles, met kanker gediagnoseer is. Charles werk al vir meer as sewentien jaar in Shelley Point en was onder andere verantwoordelik vr die bou van die fontein! Charles se dogter, Cayla, het die Gholfklubkomitee genader en gevra of dit moontlik is om ‘n toernooi te reël om fondse in te samel vir Charles se mediese uitgawes. Die komitee het dadelik aan die werk gespring en ‘n gholfdag gereël vir Paassaterdag. Ontbytrolle, paasbolletjies, en *bunny chow* was op die spyskaart. Die komitee en Cayla het borge genader vir pryse en die reaksie was verstommend. Borgskappe is selfs uit Kaapstad verkry deur Shelley Point inwoners wat anoniem wil bly. Bykomend daartoe het die Shelley Point Sport en Sosiale Klub eenparig besluit om die baangelde van die dag vir hierdie goeie doel te skenk. Daar was twee en vyftig spelers in die vierbal *American Scramble* kompetisie. Die dag het begin met set- en naderbal kompetisie waar twee spelers elk ‘n bottel wyn gewen het. Die weer het uitstekend saamgespeel met helder sonskyn en ‘n effense wind. Die dag was ‘n groot sukses danksy die ondersteuning van al die spelers, personeel en inwoners. ‘n Bedrag van meer as R44 000 is ingesamel.

Links: John Huxted oorhandig die tjek aan Cayla nadat fondse vir Charles se mediese behandeling ingesamel is.

Rolbal (Marius Jacobs): Geen verslag ontvang. Indien jy inligting benodig, raadpleeg asb die laaste bladsy vir kontakinligting van die rolbalkaptein.

Tennis: (Marquin Strauss): Geen verslag ontvang. Indien jy inligting benodig, raadpleeg asb die laaste bladsy vir kontakinligting van die tenniskaptein.

Brug: (Terry Mackintosh): Ná die opheffing van sekere Covid-regulasies begin brug stadigaan weer skuif na kontak in plaas van aanlyn by verskeie kubs in die Weskaap, insluitend ons eie Shelley Point klub. Ons soek ernstig na nuwe lede om by ons aan te sluit – en dit sluit beginners en ervare spelers in. Kontak my asb by didge28@gmail.com as jy graag wil saamspeel of enige ander navraag het.

Kajakroei (Billy Fisher): Die afgelope somerseisoen het nagenoeg 300 inwoners van ouderdomme 4 tot 83 jaar, hulle gaste en ander besoekers van heinde en verre die oseaan aangedurf en Shelley Point se kuslyn en dierelewe geniet. Ons sien uit na die winterseisoen en hoop om selfs meer gelukkige kajakkers bloot te

stel aan die skoonheid van ons oseaan wat ons bevoorreg is om te geniet. Vir meer inligting, sien asb die laaste bladsy. Sien jou spoedig op die water !

DIE LEWE IN SHELLEY POINT:

Reënval (Henri Roux): In die kwartaal van 15 Februarie tot 14 Mei het Shelley Point 'n totaal van 16mm reën ontvang. Dit is nie baie nie, maar die volgende paar maande sal waarskynlik beter lyk. Reënval wat ná 14 Mei plaasvind sal in die volgende nuusbrief rapporteer word.

Shelley Point Brandbestrydingspan (SPN span): Die SPN is 'n lid van die Brandbestrydingsvereniging wat 'n standplaas in Porterville het. Van ons Span word verwag om te bewys dat ons die nodige kennis en toerusting het om eerste op die toneel te wees in die geval van 'n brand op die Landgoed. Op 16 Maart moes alle lede van SPN 'n voldag opleiding bywoon waartydens daar op die teorie en praktyk van brandbestryding gefokus is. Indien 'n brand op die Landgoed ontstaan moet die SPN dit in bedwang probeer hou totdat Vredenburg se brandweerspan arriveer. Die SPN het geleer hoe om die brandkraan te hanteer en het ook basiese opleiding ontvang in die hantering van alle toerusting wat insluit 'n 500 liter watertenk wat op 'n sleepwa gemonteer is, hantering van verskillende diktes pype ensomeer. Die SPN lede is ook toegerus met persoonlike beskermingdrag soos vuurbestande sweetpakke, skoene, oogbeskermers, handskoene, balaklavas ens.

SPN Brandbestrydingspan

Die brandbestryding werkwinkel is gelei deur Petra Kronenberg van Kaapstad, wat uitstekende ervaring het as spanleier en vir wie brandbestryding 'n voltydse beroep is. Petro was betrokke by die bestryding van sommige van die onlangse vernietigende brande in Knysna en St Francisbaai. Sy het aan ons die teorie verduidelik en daarna het ons die toerusting leer ken deur deel te neem aan die bestryding van 'n gesimuleerde brand. Daar is beklemtoon dat die span goed moet kan kommunikeer en saamwerk in geval van 'n werklike brand. Brande is 'n groot gevaar in Shelley Point en elke inwoner en huiseienaar moet vertroud wees met die prosedure indien 'n brand waargeneem word. In die vorige nuusbrief is hierdie prosedure uitgespel en almal word versoek om die prosedure uit te druk en byderhand te hou ten einde vining te kan reageer.

Brand inligtingsborde (SPN span): Ten einde groter bewustheid van die groot brandgevaar in Shelley Point te vestig, veral tydens die warm, droë maande, is brand inligtingsborde (sien bo) by elke hek opgerig. Inwoners en besoekers word deur middel van die bord ingelig oor die risikovlak vir brande. Dit wissel van "klein" tot "baie hoog". Gelukkig is die risiko in die winter redelik laag, maar inwoners moet nie gerus wees nie. Die nodige stappe moet geneem word om jou eiendom te beskerm in geval van 'n brand. Dit sluit die volgende in:

- Hou 'n brandblusser in jou braai area en kombuis.
- Maak seker dat jy 'n lang tuinslang het wat by elke plek op jou eiendom kan bykom. Oorweeg twee tuinslange – een aan die voorkant en een aan die agterkant van die huis.
- Verwyder Rooikrans bosse van jou eiendom af.
- Toets die besproeiingstelsel op jou dak gereeld indien jy 'n grasdak het.

Storting van tuin- en ander vullis in die Landgoed (SPN span): Verskeie mense kla dat inwoners of eienaars die Landgoed reëls ignoreer en tuinvullis soos gesnyde gras, boomtakke, onkruid, ensomeer op sypaadjies en oop erwe of ander oop spasies stort. Nie net is sulke optrede onooglik nie, maar dit word nie toegelaat nie! Verder verhoog die teenwoordigheid van tuinvullis in oop areas die gevaar van die ontstaan van 'n brand. Plaas asb alle tuinvullis in sakke en laai dit by die toegewese stortingsterrein in Stompneusbaai af.

Om groot hoeveelhede vullis na die area in Stompneusbaai te neem is moeilik vir inwoners wat nie toegang tot 'n vragmotor het nie. Miskien is daar 'n entrepreneur met 'n bakkie wat die vullis na die stortingsterrein kan neem vir 'n fooi. Inwoners sal sekerlik so 'n diens verwelkom. Enige iemand wat belangstel?

Huishoudelike vullis (nie tuinvullis) wat verwyder moet word mag SLEGS op sypaadjies geplaas word vroeg op die dag wanneer dit afgehaal word (Donderdae). Die leë vullishouer moet nog dieselfde dag verwyder word. Vullishouers is ook by de nuwe hek beskikbaar vir inwoners wat nie kan voldoen aan hierdie vereistes nie.

Ander Landgoedreëls wat eienaars onder hulle gaste, personeel, besoekers of huurders se aandag moet bring:

- Wasgoed wat buite hang mag nie sigbaar wees van openbare plekke soos paaie, strand of gholfbaan af nie.

- Geen advertensies of gedrukte materiaal van enige aard mag vertoon of versprei word sonder vooraf toestemming van die SPHEV nie.
- Deur-tot-deur werwing word nie toegelaat nie.
- Vuurwerke of oop vure word nie toegelaat nie.
- Geen vuurwapens, windbukse, ketties, boë of enige ander wapen mag in die Landgoed gebruik word sonder vooraf toestemming van die SPHEV nie.

Amptelike SPHEV lede Whatsapp groep (SPN span): Daar is reeds 'n aantal kommunikasiekanale in plek, maar bykomend daartoe is 'n Whatsapp groep op 22 Maart gestig om nog meer effektief met huiseienaars te kommunikeer. Hierdie groep se doel is om eenrigting kommunikasie deur te gee wat alle huiseienaars en nie-inwoners raak. Indien enige iemand probleme ervaar om by die groep aan te sluit, kontak asb die Landgoedbestuurder, Aldo Fourie.

Wat die Whatsapp groep en ander sosiale media platforms betref, bring die SPHEV Trustees en Landgoedbestuur dit onder huiseienaars en inwoners se aandag dat daar NIE gereageer sal word op klagtes en griewe wat op sosiale media geplaas word nie. Klagtes en griewe moet direk deur eienaars en inwoners met die relevante persone opgeneem word en verkieslik telefonies of per e-pos. Die kontakbesonderhede van die Landgoedbestuurder, Administrateur en Sekuriteitsbesturder is op die laaste bladsy van die nuusbrief. Trustees kan ook telefonies of per e-pos bereik word. Hulle sal ook nie reageer op sake wat in sosiale media na vore gebring word nie.

Verstryking van alle geënkripteerde "*Standard Transfer Specification*" (STS) sleutels vir voorafbetaalde elektrisiteitsmeters in die Saldanhabaai Munisipaliteit (SPN span): Neem asb kennis dat die diensverskaffer, Ontec, deur die SBM gekontrakteer is om 'n oudit te onderneem na die terugstel ('reset') van die voorafbetaalde elektrisiteitsmeters en *Token Identifier* (TID) program. Ontec sal alle STS meters se kodes oudit en die proses sal teen November 2024 afgehandel wees. Huisienaars wie se sleutels nie teen November 2024 teruggestel is nie sal nie meer voorafbetaalde elektrisiteit kan koop ná daardie datum nie. Vir meer inligting kan Cassie du Preez by Saldanhabaai Munisipaliteit (022 7017123) of Deneille Jacobs by Ontec (083 3002318) gekontak word.

Veselinstallasie (SPN span): Daar was baie navrae oor die status en vordering met die projek om veselkabels in ons area te installeer. Wees daarvan versker dat almal op ander platforms op hoogte gehou sal word van die vordering.

Waterveiligheidsprojek (Billy Fisher): Die Weskus en Shelley Point het 'n pragtige kuslyn met 'n groot aantal baaie, rotspoele en wit strande. Dit kom egter ook met gevare soos gevaarlike getye, mis en wind wat vining kan verander. Dit het tot gevolg gehad dat 'n aantal vakansiegangers en inwoners wat Shelley Point se strande en see gebruik, hulleself en hulle families in lewensgevaar gestel het deur onveilige waters met bote en ander watervaartuie aan te durf. 'n Aantal kon ná waarskuwings veilig na die land terugkeer, maar ander is die see ingeneem. Gelukkig kon hulle gered word sonder verlies van lewens.
Sedert die publikasie van die vorige nuusbrief het die volgende gebeur:

1. NSRI lisensieskyfies (plakkers) met die kontaknommers van die NSRI is versprei in die St Helenabaai gebied, insluitende Shelley Point. (Skyfies tesame met 'n een bladsy opsomming van die Landgoedreëls en regulasies is ook tydens die Paasvakansie by Shelley Point se hekke uitgedeel.)
2. Skyfies is aan inwoners van Shelley Point uitgedeel by die ingange.
3. Addisionele skyfies sal gedruk word en gereed wees vir die snoekseisoen en die Julie- en Desembervakansies.
4. Lewensreddingboeie sal in Desember beskibaar gemaak word.

5. Daar word steeds beplan om ‘n NSRI stasie in die St Helenabaai hawe op te rig.

In die volgende nuusbrief sal verder gerapporteer word oor vordering met hierdie inisiatiewe.

Rondloperkatte (SPN Span): Dit is met groot vreugde dat ons vir Fiona MacDuff verwelkom as nuwe koordineerder van die rondloperkat projek. Fiona kom met baie jare se ervaring van die hantering van mak sowel as wilde diere aangesien sy al as vrywilliger by CLAW in Johannesburg gewerk het Daar was sy betrokke by die vang van katte, honde, blouape en bobbejane. Die rondloperkat projek sal onder die Omgewingskomitee val, waarvan prof Chris de Beer die voorsitter is. Fiona en prof Chris sal dus nou saamwerk. Baie dankie aan Fiona wat na vore getree het en haar hulp aangebied het.

ONS HOEKIE VIR NATUURBEWARING (Pieter Viljoen):

Brande en Rooikrans: Daar was gemengde reaksie van SP inwoners nadat ‘n aantal Rooikrans (Acacia cyclops) bosse onlangs verwyder is. Dit is deur ‘n *Working on Fire* span gedoen. Die oogmerk hiermee was om die vlambaarheidsrisiko en dus brandgevaar in SP te verminder. Die verwydering het verder ook ekologiese en estetiese voordele. Die uitsig oor die beplande hawe vir klein bote en die gholfbaan is nou mooier en tennisspelers is bly dat hulle nou balle wat oor die draad geslaan is makliker kan opspoor. Die groot negatiewe impak wat Rooikrans op ons inheemse Strandveld gehad het sal nou omgekeer word deur inheemse plante aan te plant en deur ingryping deur Bestuur.

Die skoonmaak van die algemene area rondom die kinderspeelpark is omstrede, aangesien hierdie bome se blare al sedert die totstandkoming van SP hoë proteïen voedsel verskaf aan die drie spesies bokkies wat hier voorkom. Baie diere, insluitende wilde en rondloperkatte, gebruik die bome as beskutting. Die verwydering van die bome beteken dat hierdie diere tydelik ander skuiling sal soek. Hulle sal egter terugkeer nadat nuwe aanplantings gedoen is. Sodanige planne is in plek en die speelpark sal verfraai word met nuwe bome en ander vorme van beskutting. ‘n Skoenlappertuin kan goed werk in die area en twee of drie pale kan geplant word om uile te lok om daar te kom jag. Die groot aantal katte wat agter die voeding aankom is ‘n bron van groot kommer. Wilde katte is draers van ‘n parasiet wat Toxoplasmose in mense kan veroorsaak. Hierdie toestand is al verbind aan skisofrenie en leerprobleme by kinders. Nie-ingeënte katte kan ook hondsdolheid kry van ander wilde diere.

Die afgelope dekade het ons die verwoestende uitwerking gesien van brande in St Francisbaai, Knysna en die Universiteit van Kaapstad wat veroorsaak is deur indringerplante. Wet 101 van 1998 wat handel oor veld- en bosbrande vereis van eienaars van grond om alle redelike maatreëls te tref om brande op hulle eiendom te voorkom. As huiseienaarsvereniging moet ons ons aanspreeklikheid verminder indien ‘n wegholbrand op die Landgoed ontstaan wat kan lei tot verlies aan eiendom en selfs lewens. Die skoonmaak van erwe in privaatbesit en die geleidelike verwydering van bome op sodanige erwe waar ‘n brandgevaar bestaan sal SP ‘n veiliger plek maak om in te bly.

Satellietbeelde wys duidelik hoe die voorkoms van Rooikrans en Manatkoa (*Myoporum tenuifolium*) die afgelope 20 jaar toegeneem het. Beide is indringerplante en ‘n opname het getoon dat daar 15 000 – 20 000 sulke plante in SP is. Dit dra by tot houtagtige biomassa (stamme, bas en takke) van ongeveer 100 ton (soos nat geweeg) per hektaar. Dit hou ‘n groot brandgevaar in. Huiseienaars word versoek om ‘n “brandpad” van omtrent 6m wyd rondom hulle huise te handhaaf. Hierdie area moet nie enige indringerplante bevat nie en daar moet ook nie tuinafval hier gestort word nie. Inheemse Strandveld plantegroei hoef nie verwyder te word nie. Sodanige plantegroei het vetplant eienskappe en is nie so vlambaar soos Rooikrans nie. Rooikrans brand 10 keer warmer as Strandveld plantegroei en brand ook langer as fynbos en en sy subtipes.

‘n Interessante feit is dat Rooikrans ‘n Australiese spesie is wat ongeveer 1850 saam met Port Jacksons na Suid-Afrika gebring is met die doel om die sandduine langs die Kaapse Vlakte en langs die oostelike en suidelike kus van die voormalige Kaapprovinsie te stabiliseer. Dit het egter baie negatiewe gevolge vir die die duine langs die kus gehad en het vernietigend ingewerk op die ekostelsel en biologiese diversteit van daardie gebiede. Die Rooikrans is ‘n droogtebestande plant wat kan floreer in ‘n verskeidenheid klimaatstoestande. Die situasie sou nog erger gewees het as biologiese middels nie sowat 30 jaar gelede ingespan is om die verspreiding daarvan te keer nie. Die eienaardige groeperinge wat ons in Rooikransbome sien is die gevolg van ‘n galvormende muggie wat pit- en saadvorming verhinder. Die muggie speel ook gasheer vir die “no-see-ums” wat ons gedurende die herfs verpes. ‘n Saadvretende kalander (*Melanterius servulasi*) help ook om die voortplantingsvermoë van die spesie met 95% te verminder.

Opsommend kan gesê word dat die kombinasie van bio-kontrole, skoonmaak van erwe vir bouwerk en die skoonmaak van gemeenskaplike areas vir die voorkoming van brande en die beskerming van biodiversiteit die voorkoms van Rooikrans en veldbrande verminder het. Alhoewel ons ongelukkig inheemse Strandveld in SP verloor, is die outeur van mening dat die verwydering van Rooikrans nie ‘n negatiewe impak op SP se ekostelsel sal hê nie en ook nie na verwoestyning en ‘n verlies aan wildlewe sal lei nie.

‘n Rooikrans “lollipop” – die resultaat van bokkies se eetpatrone.

SPHEV KONTAKLYS			
Posisie	**Naam**	**E-pos**	**Telefoon**
Landgoedbestuurder	Aldo Fourie	manager@sphoa.co.za	0665295682
Administrateur	Deirdre de Lange	admin@sphoa.co.za	022 742 1309
Sekuriteitsbestuurder	Daniel Plaatjies	daniel.plaatjies@excellerate.co.za	082 615 4883
Sekuriteitskantoor	Beheerbeamptes	Geen	022 742 1380 022 742 1888 066 359 4273
Gholfwinkel/klubhuis	Gerilda Arendse	shelleypcc@gmail.com	022 742 1037
Gholfkaptein	John Huxted	john.huxted1@btinternet.com	063 762 8034
Rolbalkaptein	Marius Jacobs	Marius.jacobs020@gmail.com	0609754495
Tenniskaptein	Marquin Strauss	marquinstrauss@hotmail.com	073 203 2411
Brugkaptein	Terry Mackintosh	didge28@gmail.com	076 600 4641
Joga	Derri Crockett	derri@sailing.co.za	083 303 1546
Gemeenskaps-kennisgewingbord	Chris Roberts	chezroberts@mweb.co.za	076 783 2035
SA Polisiediens	St Helena Bay		022 736 8060
SA Polisiediens	Nasionaal		10111
Ambulans	Nasionaal		10177
Selfoon nooddiens	Nasionaal		112
WHATSAPP GROEPE			
	Administrateurs		
Shelley Point Info	Karen Crooks		082 823 0919
	Karin Board		082 215 8423
Shelley Point social mob	Pieter Swanepoel		079 607 2127
	Charmaine Swanepoel		082 896 5491